Augustus 2017

Die Kaap is droog.

Ons motors is vuil en ons grasperke droog. En dis hoe dit hoort, tot dinge beter gaan. Maar ten spyte van ‘n droë winter het die veld juweelgroen geword na net ‘n lekseltjie reën, en ons herinner aan die wonder van winter: baie gebeur, selfs al is alles rustig.

Ons het die rustigheid van ‘n wintervakansie nodig; minder eredienste en ‘n breuk van die roetine van kategese en selgroepe, vir ons harte om die wintergroen in te neem. Ons het ook tyd nodig vir bordspeletjies met die kinders, vir kaggelaande met sop saam met familie en vriende, om God se goedheid te vier. Nou het die kwartaal begin, en die rus het ons goed gedoen: ons is opgewonde om met julle te deel wat ons voornemens is, as die Here ons gun om nog ‘n kwartaal te droom en te dien.

Marietjie en Niel het ‘n Izak ryker geword, en ons is saam met hulle so dankbaar vir ‘n gesonde en pragtige seuntjie. Ons weet dat hy nog soveel vreugde en lekkerte in hulle lewens gaan bring. Dit is ook heerlik om vir Marietjie terug te hê na haar welverdiende breuk. Met al die ander personeel gaan dit ook goed en dankbaarheid is ons eerste gedagte.

Hier in die pylvak van die vakansie het ons sendeling uit Lebanon, Suzan (Zanna) Kirsten, vir ons kom kuier – en wat ‘n wonderlike paar weke! Ons het gekuier, gelag, gehuil, gebid en baie dinge verwerk. Sendingwerk is nie maklik nie, maar dit is so ‘n voorreg! Ons gemeente lewer ‘n bydrae tot die groter prentjie van die verkondiging van die Evangelie, ons het ‘n voetspoor tot in die Midde-Ooste, en ons vertrou dat die liefde van God voldoende is vir die werk wat daar moet gebeur. Ons is dankbaar dat Zanna se gebedsnetwerk en finansiële ondersteuningskring kon groei in hierdie maand. As jy nog wil betrokke raak, stuur gerus ‘n epos na smile@generalmail.com.

Een van ons eerste planne vir die kwartaal is die bywoning van ‘n kursus waaroor ons as leraars positief is. Gedurende die laaste naweek van Augustus (25 tot 27) kom Reverend Alan Storey van die Sentrale Metodiste Gemeente op Groentemark Plein sy veelbesproke Manna & Mercy-kursus aanbied by die NG Kerk Table View, ons buurgmeente saam met wie ons baie dinge aanpak. Alan het ons diep geïnspireer toe hy verlede jaar tydens Pinkster by ons gepreek het. Hierdie kursus belowe om jou nuut te laat dink oor Bybelinterpretasie, veral ten opsigte van ons missionale denke, dinge waarmee ons in elk geval die afgelope paar jaar intens besig is. Die kursus is gratis, daar is slegs ‘n boek wat R80 kos. Jy het nodig om jou plek te bespreek by Franselene by 021 554 1290.

‘n Lekker fokus vir ons totale bediening kom hierdie semester uit die kantoor van BMD (Bloubergstrand Maatskaplike Dienste). Thamar en haar span gaan hierdie jaar nie net vir sestien dae betrokke wees by die Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders nie, maar ‘n hele ses maande. Behalwe vir die gewone gevallelading en groepwerk wat die maatskaplike werker verrig, het die projekwerk tans ‘n spesiale fokus: weerlose vroue en kinders.

Twee groot projekte is die spiespunte wat hierdie fokus tuisbring – en die eerste hiervan is die ***Bless my Bag***- projek. Hierdie nederige breinkind van Thamar self het vanuit die staanspoor mense se harte geroer. Dit het nou blitsvinnig gegroei tot ‘n projek wat al op radio en televisie blootstelling gekry het, en van orals skenkings ontvang.

Ds Marthinus Britz: Tel: 021 554 3266 / 082 603 5508 / thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie Dercksen: Tel: 021 554 1277 / 083 276 4944 / elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie Steyn: Tel: 021 554 2045 / 083 461 1220 / marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

Hulle wil nie net ‘n handsak in die hand stop nie: elke vrou wat dit ontvang, word bemoedig en bemagtig. Op Vrouedag hier vroeg in Augustus het hulle vroue in bendegeteisterde gebiede bedien. Bless my Bag droom groot oor die toekoms! Gaan soek hulle gerus op http://www.blessmybag.org.za/ of op Facebook by https://www.facebook.com/blessmybagproject/.

Vir die tweede projek werk ons saam met die plaaslike Kaapstad organisasie Anex (http://www.anexcdw.org.za/) aan ‘n veldtog met die titel Sit Jou Voet Neer. Hulle doel is bewusmaking van kinderregte en fondsinsameling vir werk teen mensehandel. Twee van ons BMD bestuurslede gaan saam met Thamar deelneem aan ‘n hardloopgeleentheid op die N1 tussen Rawsonville en Beaufort-Wes; die N1 is die pad in ons land wat die meeste gebruik word vir mensehandel, en dis juis op hierdie roete by Murraysburg wat Anex ‘n veiligheidshuis wil bou. Kyk gerus uit, ons gaan nog laat weet hoe jy ons atlete kan ondersteun!

Verdere kuiergeleenthede en uitsien-datums:

*__Fashion Outreach__ (http://www.fashionoutreach.org/) hou op Saterdagoggend 19 Augustus ‘n modeparade by ons kerk! 10:00 tot 13:00, toegang R20, en alle klere word daarna verkoop vir fondse vir Anex. Kyk uit vir Boss, Polo en Harley Davidson, en bring kontant!

*__Musiek in die Kerk:__ Van Bach tot Vandag. Het jy verlede jaar se musiekaand met orrelspel van Eon Malan geniet? Kom luister gerus weer op Vrydagaand 15 September, en bring jou vriende! Hierdie keer het die program heerlike verskeidenheid: daar is soliste en instrumentaliste by, lekker samesang, en musiek uit verskillende genres, alles met ‘n christelike tema. Toegang is gratis, maar kollekte sal opgeneem word. Kaas en wyn en KUIER in hoofletters na die tyd!

* __Sheri Brynard__, die wêreld se eerste Downs-persoon wat ‘n universiteitsgraad verwerf het, kom op 15 Oktober by ons optree. Sheri kom saam met haar ma kuier, maar sy lewer self haar eie toesprake, soos wat sy haar eie onderwyskwalifikasie verkry het. Gaan kyk gerus by http://sheribrynard.co.za/ vir foto’s van Sheri saam met Oprah, die president, in Binnelanders en op die verhoog by Kunstefeeste. Hierdie beloof om elkeen aan te moedig en hoop te gee. Toegang is gratis, maar kollekte word opgeneem.

Intussen werk ons hard aan die bedienings, eredienste en orkesrepetisies. Direkte betrokkenheid by mense bly ons grootste voorreg: met doopbesoeke, troupare, pastorale werk en gebedsvriende. Julle is ons mede-disspipels op die lewenspad, en ons waardeer elkeen van julle so baie. Ons bid dat die Here jou sal seën en sal gebruik in hierdie kwartaal, want ons weet dis ook jou grootste wens.

“Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot dade oorgaan.”

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus Ds Elmarie Ds Marietjie